Verwysing: 20170524-1227
12/2/11/9
Navrae: A du Toit

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0015/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Adjunkhoofonderwyskundiges, Vakadviseurs vir Grondslagfase, Prinsipale en Departementshoofde vir Grondslagfase van gewone openbare skole

Onderwerp: Vroeëgraad-leesassessering (EGRA) (Early Grade Reading Assessment Programme) in die Grondslagfase

1. In 2015, het die Departement van Basiese Onderwys (DBO), 'n Vroeëgraad-leesassessering (EGRA) bekendgestel om lees en begrip in die Grondslagfase te versterk. Hierdie assessering word deur die klasonderwyser afgeneem en het 'n diagnostiese doel. Dit word nie vir promosie en progressie doeleindes gebruik nie.

2. Die EGRA-program is in 2015 by 96 skole (Fase 1) in die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) in werking gestel. In 2016, is die program na 103 skole (Fase 2) uitgebrei.

3. Fase 3 sal in 2018 geïmplementeer word.

4. Hierdie minuut dien om skole, wat in 2016 minder as 60% in die sistemiese toetse vir graad 3 behaal het, in kennis te stel dat hulle in die Fase 3-program ingesluit sal word.

5. EGRA-opleiding vir Fase 3-skole sal gedurende Oktober 2017 plaasvind.

6. Die duur van die opleiding is ongeveer drie uur. Dit word vereis dat die departementshoof en ten minste een onderwyser die opleiding bywoon. Distrikte kan egter besluit om meer onderwysers in te sluit.

7. Die datums en opleidingslokale sal vooraf deur die distrikte gekommunikeer word.

8. Vir enige verdere inligting, kontak asseblief die betrokke AOO-koördineerder:

Distrik	Koördineerder	Tel. nr.	E-pos	Faks. nr.
Metro-Sentraal	Avrille Morgendal	021 514 6770	anna.morgendal@westerncape.gov.za	086 236 1892
Metro-Oos	Benjamin Crombi	021 900 7051	benjamin.crombi@westerncape.gov.za	086 556 9519
Metro-Noord	Malefo Makena	021 938 3104	malefo.makena@westerncape.gov.za	086 628 6008
Metro-Suid	Lorraine Bailey	021 370 2041	lorraine.bailey@westerncape.gov.za	086 764 1912
Kaapse Wynland	Edgar Johannes	023 348 0605	edgar.johannes@westerncape.gov.za	086 531 0476
Eden en Sentrale Karoo	Nelmarie Kriel	023 415 2070 044 803 8300	cornelie.kriel@westerncape.gov.za	086 678 7171
Overberg	Lynn le Grange	028 214 7378	lynn.legrange@westerncape.gov.za	028 214 7400
Weskus	Ursula Esau	021 900 7051	ursula.esau@westerncape.gov.za	086 562 3907

9. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers vir graad 1 tot 3 te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-07-24